

DIE KOMPOSISIONELE SPEL IN DIE POËSIE -

'N VERKENNING VAN ANTJIE KROG SE

OTTERS IN BRONSLAAI

deur

THOMAS GOUWS

Verhandeling voorgelê ter vervulling

van die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM

in

Afrikaans-Nederlands

aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT

vir

CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

onder die leiding van Prof. M.C.A. SEYFFERT

VOORJAAR 1986

DANKBETUIGING

Dit is vir enige student, en veral vir my, 'n voorreg om onder 'n studieleier soos prof. M.C.A. Seyffert te kan werk. Sy wetenskaplike benadering, vakkundige kennis en opregte persoonlike belangstelling het bygedra tot my algehele en akademiese vorming.

My kollegas in die departement Afrikaans-Nederlands het 'n ieder en 'n elk sy besondere bydrae tot hierdie studie gelever, veral gedurende my voorgraadse jare.

In gesprek met prof. P.D. van der Walt het baie aspekte van hierdie studie beslag gekry.

My ouers se ondersteunende bystand gedurende my studiejare was vir my 'n riem onder die hart. Graag dra ek hierdie werk aan hulle op.

Ook my gesinslede en vriende het deurentyd bemoedig.

Aan Retha veral, vir haar onmisbare meelewing.

"Goed is die Here vir die wat op Hom hoop, vir die siel wat Hom soek." (Klaagliedere 3:25).

Geldelike bystand van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir die koste van hierdie navorsing word hiermee erken. Menings in hierdie werk uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe gekom is, is dié van die skrywer en moet nie beskou word as dié van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing nie.

A text is a text only
if it conceals, from
the first glance, from
the first comer, the
law of its composition
and the rule of its
game.

Jacques Derrida

INHOUDSOPGAWE

bladsy

INLEIDING.....	1
Aantekeninge by die inleidingshoofstuk.....	7
HOOFSTUK 1 TEORETIESE FUNDERING VAN DIE BEGRIP 'KOMPO=	
SISIE'.....	8
1.1. Komposisie as die integrale manifestasiekon=	
sep van die literêre werk.....	8
1.2. Komposisie en struktuureenheid.....	11
1.3. Die literêre spel in wyer konteks: komposisie	
en diskoers.....	13
1.3.1. Die spel tussen outeur en teks: n psigo=	
linguistiese begronding.....	16
1.3.1.1. Outeur - binne en/of buite die teks	18
1.3.1.2. Komposisie en gestaltegewing op be=	
wustelike en nie-bewustelike vlak -	
n verkenning.....	23
1.3.2. Die spel in die teks.....	28
1.3.2.1. n Strukturalisties-semiotiese bena=	
dering.....	28
1.3.2.2. Die dekonstruksiebeskouing van die	
teks.....	34
1.3.3. Die spel tussen teks en leser: reseptief=	
esteties beskou.....	41
1.3.4. Intermezzo: Produksie, wisselwerking en	
resepsie van die literêre werk - n hipo=	
tetiese model.....	43
1.4. Komposisionele struktureringsmetodes en bou=	

prinsipes in n poësiebundel.....	50
Aantekeninge by hoofstuk een.....	54
 HOOFSTUK 2 RUBRISERING EN BUNDELKOMPOSISIE.....	58
2.1. Die bundeltitel as teksinterne bouprinsiep..	58
2.2. Die bundelmotto as tekseksterne strukture= ringsmetode.....	64
2.2.1. Afdeling I: "Daar onder in die Breëri= vier / daar was my plesier.".....	66
2.2.1.1. Ruimtelike gebondenheid.....	67
2.2.1.2. Fasette van die self.....	79
2.2.2. Afdeling II: "Daar loop die otters paar en paar / mannetjie en wyfie bymekaar.".....	100
2.2.2.1. Erotiese saamwees.....	100
2.2.2.2. Perspektief op die huweliksfasette.....	101
2.2.3. Afdeling III: "Alsander Klipsalmander / Matthewis, Thewis die bokkie. / En Jan= nie sit op die toppie / en Dawid doen die joppie.".....	110
2.2.3.1. Vervat en saamgeweef: basis van n werklikheidsbelewing en n poësie= teorie.....	113
2.2.3.2. Teennatuurlike gedrag: n noodwen= dige gevolg van hierdie gebroke werklikheid en die se onderlig= gende stuwende lewensmag.....	127
Aantekeninge by hoofstuk twee.....	131

HOOFSTUK 3	JUKSTAPONERING EN BUNDELKOMPOSISIE.....	136
3.1.	Die erotiek: uitreik na Freud.....	139
3.2.	Die religie: uitreik na n apokalips.....	144
3.3.	Die poëtiese: uitreik na die woorde van an= der - n produktiewe literêre napraat.....	146
	Aantekeninge by hoofstuk drie.....	171
HOOFSTUK 4	KOMPLE(MEN)TERING EN BUNDELKOMPOSISIE....	173
4.1.	Versoening van disparate komplemente: die paradoks van n komplekse werklikheidsbelewing	174
4.2.	Kompletering en voleindiging-in-voltooiing..	177
4.2.1.	Voleindiging-in-voltooiing op tematiese vlak.....	177
4.2.2.	Voleindiging-in-voltooiing op motiewies- simboliese vlak.....	183
4.2.2.1.	Die voëlmotief.....	184
4.2.2.2.	Wyn/wingerdmotief.....	185
4.2.2.3.	Die vuurmotief.....	186
4.2.3.	Voleindiging-in-voltooiing - enkele laaste aspekte.....	188
4.2.3.1.	Die basiese elemente: n uitreik tot vereniging.....	188
4.2.3.2.	Die apokaliptiese visie.....	190
	Aantekeninge by hoofstuk vier.....	193
HOOFSTUK 5	SAMEVATTING EN SLOTSOM.....	196
	Aantekeninge by hoofstuk vyf.....	201
SUMMARY.....		202
BIBLIOGRAFIE.....		204

INLEIDING

Komposisie is n aspek van die literêre werk wat op die navorsingsterrein van die Afrikaanse letterkunde nog grootliks onontgin lê. Breedweg gedefinieer, is literêre komposisie die samestelling of ordening van onderlinge dele tot die geheel van n literêre kunswerk. Hierdie konstituering het uiteinde-lik die struktuur van die literêre werk tot gevolg. n Verkenning van die komposisie van die literêre werk sal ook inhoud dat n "Strukturuntersuchung" van die werk gemaak sal moet word, in die sin wat Lämmert (1967:248) bedoel: "...das Zusammenspiel der vielzähligen Glieder und Schichten in einer Dichtung von bestimmten künstlerischen bildegesezten Zeugnis ablegt".

Die noodsaaklikheid van so n studie blyk duidelik uit Söteman (1966:7) se siening:

"...beslissend voor de esthetische kwaliteit van het werk is de wijze waarop de grond- en hulpstoffen zijn geselecteerd en georganiseerd, waarop ze tot een gecompliceerd net van onderlinge relaties zijn verweven: stilistische en compositorische parallellen, spiegelingen, antithesen, verwijzingen, wisselingen van gezichtspunt en tempo, om er slechts enkele te noemen".

Die komposisie in die poësieliteratuur word oorwegend op twee wyses voltrek, naamlik op die vlak van die enkelgedig en op die vlak van die bundelgeheel. Ten grondslag van eersgenoem-

de is daar 'n verskeidenheid komposisionele vorme, middele en tegnieke. Hierdie studie is egter gerig op die bundelgeheel, 'n poging om die pluswaarde wat geleë is in bundelkomposisie, uit te wys. Daarmee saam moet ook besin word oor komposisionele wetmatighede. Uiteraard kan bundelkomposisie nie totaal losgemaak word van die komposisie van die enkelgedig nie, maar die komposisie in die enkelgedig as gestruktureerde sisteem vorm deel van die wyer bundelsisteem, en dit sal ook so uitgewys word.

Om dus te praat van die komposisionele 'spel' in 'n bundelgeheel, veronderstel dat dít wat komposisie daarstel, hetsy bouprinsipes of struktureringsmetodes, in 'n besondere verhouding figureer. Letterlik word onder die begrip 'spel' (play) verstaan: "...to enter into a game with...;movement...;space for motion...;dramatic composition..." (Weine,1964:548).

Die literatuur is wesenlik 'n spel met woorde, 'n "verbeeldingsspel met de taal" (Donkersloot,1960:184), 'n 'fyn, fyn net' van onderlinge verbande, strukture, verhoudinge en sisteme.

Benewens die spel binne die teks, is daar ook 'n spel buite die teks. Uitgaande vanuit die veronderstelling dat "poetry is always a poetic discourse" (Easthope,1983:21), is die digter en die leser nie net in 'n spel met die teks nie, maar ook met mekaar gewikkel. "The reader... 'plays' with a thread from without and,...the artist... 'plays' with the thread from within." (Manheim & Manheim,1966:11). Die daarstel van só 'n kommunikasiesisteem bring mee dat dié wisselwerking ook

gefundeer moet word in die literêre teorie. Die eietydse magdom literêre teorieë noop 'n mens om te besin oor die belang van literatuurwetenskaplike toerusting by 'n sistematiese teksstudie.

Die studie het nie ten doel om die heersende en ander literêre teorieë ten volle te eksplorieer nie, maar eerder die kompletering en wisselwerking daartussen -die spel- te probeer peil. Dit is nie 'n poging om die disparate te versoen nie, maar om raakpunte te probeer vind. Macherey (1978:154) sê die volgende: "Perhaps the time has come to elaborate a positive criticism which would deal with laws rather than causes. The critical question would then be: In what relation to that which is other than itself is the work produced?"¹ Die moontlike nut van so 'n metode van ondersoek, vat Jefferson & Robey (1982:14) goed saam as hulle poneer: "Theory may have implications for practice, and practice may help to make sense of theory."

Die probleemstelling en daarmee verbandhoudende doelwitte gaan in die verhandeling kristalliseer soos volg:

1. om 'n teoretiese beskrywing en fundering van die begrip 'komposisie' te gee;
2. om spesifieke komposisionele wetmatighede of vorme in 'n bundel na te gaan en sodoende te bepaal in watter mate die komposisie meesprekend is ten opsigte van die bundelgeheel;
3. om daarmee saam tot 'n besluit te kom oor die produksie, wisselwerking en resepsie van die literêre

re teks, en

4. om aan te toon dat die outeur, teks en leser in 'n spel gewikkel is, en dat die spel gesetel is in 'n komposisionele konstruering, rekonstruering en dekonstruering.

Samevattend kan 'n mens die doelwitte in 'n Lacaniaanse idioom só uitspel: die studie het ten doel om 'n nuwe beskouing ten opsigte van teksrealisering in wyer konteks te vestig, maar in die sin van "...in (a) move away from ontology and to= word associations of signifiers and signifieds that join conscious and unconscious systems in disconnected, enigmatic networks of association and relation" (Ragland-Sullivan, 1984: 110).

So 'n beskouing is alleen moontlik indien daar van die veronderstelling uitgegaan word dat 'n geheel alleenlik 'n sisteem is "indien dit 'n eksemplaar van 'n logiese (ander -TG) sisteem is" (Meyer, 1959:19).

Dit is van belang om die begrip 'sisteem' ietwat nader te omskryf, omdat dit 'n grondslag vorm van die benaderingswyse soos voorgehou in die studie. Anyal (1972:26) stel die vereiste dat "in a system it is significant that the parts are arranged". In navolging van Vodička, vat Viljoen (1985:13) dit goed saam as hy poneer dat 'n sisteem behels (i) ordening van afsonderlike komponente in 'n werk (ii) die relasie daartussen en (iii) die hiërargiese ordening daarvan.

Viljoen (1985:13-18) het dit veral oor die konvensies binne die sisteem wat alleenlik deur "produksie en resepsie" kan verander. In hierdie studie word die aspekte van produksie en resepsie bygehaal, maar slegs binne die kwalifiserende verband met die teks as sisteem. Die generatiewe wisselwerking of spel tussen elemente binne die teks, asook die gesupereerde struktureringsmetodes wat via die outeur op die elemente (teks-in-wording) toegepas word, is 'n sistematiese ordening hetsy dan teksintern of tekseksTERN. Omdat die goeie literêre werk haas onuitputlik is, lei dié diskursiewe kommunikatiewe tot die klassifisering van die literêre teks as 'n oop sisteem. "n Oop sisteem is 'n sisteem wat met sy omgewing in interaksie is..." (Viljoen,1985:8). Die leser is uiteraard die teksrealiseerder tydens sy leeservaring. (Guillen,1984:373-419). Daarom kan die leser (maar ook die outeur) as deel van die teks (per se) se wisselwerkende omgewing beskou word. Uiteindelik lei alles, soos hierbo beredeneer, tot 'n beskouing van die komposisie van die literêre teks en insgelyks ook tot 'n beskouing van die struktuur van die werk, want struktuur is die direkte gevolg van komposisionele wisselwerking.

Algemeen gestel, maar weliswaar ook van toepassing op die sistematiese benadering van literêre komposisie, is Lucid (1977:5) se siening: "All human activity in the elaboration, exchange and retention of information by means of signs possesses a certain basic unity."

Meer besonderlik toegespits op die algemene literatuurwetenskap

skap, word hierdie voorgestelde benadering van die literêre teks-in-funksie deur Fokkema (1981:179) se beskouing van die sogenaamde "nuwe paradigma" in die literatuurteorie gedek:

"Het nuwe paradigma in die literatuurwetenskap, zoals dit vanuit ten dele verschillende uitgangspunten door Mukařovský, Vodička, Lotman, Groeber, Even-Zohar en anderen geleidelijk gestalte is gegeven, wordt gevormd door: a. een gewijzigde opvatting van het object van de literatuurwetenschap, b. de introductie van nieuwe methoden, c. een nieuwe visie op die wetenschapsbeoefening."

Die ondersoekterrein word in die studie beperk tot n enkelbundel, en wel Antjie Krog se OTTERS IN BRONSLAAI. Om die komposisionele wisselwerking in n teks te kan aantoon, is dit te verstane dat so n teks n goeie literêre werk moet wees. Dié bundel voldoen wel aan hierdie eis en is met sy verskyning in 1981 begroet met uitsprake soos "baldadigste poësie in Afrikaans" (Van Zyl, 1982:2) en "daar is poësie in dié vrou" (Galloway, 1981:9). Brink (1981:67) beklemtoon dit as "een van die opwindendste bundels" in jare en Kannemeyer (1983:504) beskou die bundel as "een van die belangrikste versamelings in die hedendaagse Afrikaanse poësie". OTTERS IN BRONSLAAI is n ryk geskakeerde bundel wat inderdaad toon dat "alles aanmekaar geweb"² word, alles -"van ewigheid, kosmos en dit wat groot poësie sou maak"³- núút geskryf word.

AANTEKENINGE BY DIE INLEIDINGSHOOFSTUK

1. Relevering en kursivering deurgaans van die oorspronklike outeur, behalwe waar anders aangedui.
2. Uit die gedig 'kunsgalery'. Hierna word dieselfde tipe verwysing bloot onder die gedigtitel geskryf. Vergelyk in die verband dan voetnoot 3.
3. 'selfpotret'
